# KRONIEK

## ROEPING: 'TONEEL' OF WERKLIKHEID?

Enigiemand wat praat van 'n krisis in ons tyd sal aan die gemeenskap tot wie hy hom rig, 'n guns bewys as hy hom deeglik vergewis van die staanplek wat hy inneem teenoor die afloop van die krisis. Wanneer 'n krisis beskryf word as „die beslissende wending van 'n saak", dan is dit duidelik dat die krisis slegs deel is van 'n proses. Die krisis is die punt waar die wending hom moet begin afwen. Iets moet begin verander. Al sal alle uiterlike omstandighede ook uiteindelik presies dieselfde wees as voorheen, sal ten minste die diepte en die intensiteit van die belewing daarvan nie meer dieselfde kan wees nie.

Was daar nie in die jongste tyd mense wat van ons Universiteit gesê het dat die Puk nou 'n krisispunt bereik het, en dat hierdie krisis hom nou maar net moet afwen nie? En is daar nie méér mense wat dit wel nie gesê het nie, maar wat tog met dié gedagte rondloop nie? Van verskillende kante af is die verhoog gebou — wie is daar wat nie saam help bou het nie? — en van regs en links is die spelers op die verhoog gebring — en wie het nie vir die een of die ander hande geklap nie? En daar gaan hy! Die spel gaan voort en dit moet sy pad loop, tot die einde toe.

Hoe daar egter gedink word oor die afloop van die krisis — dit is vir die hele „spel" van wesentlike belang. Twee moontlikhede wat genoem word, is dat dit ontwikkel as drama of as tragedie.

'n Aangrypende vergelyking tussen drama en tragedie word byvoorbeeld uitgespreek deur die koor in Anouilh se *Antigone,* juis op die krisispunt van die spel:

„Nou is die veer gespan: dit sal vanself losdraai. Dis wat alles so

gerieflik in die tragedie maak. Met die geringste vingerdruk om alles in beweging te stel, 'n nietigheidjie... net een vraag te veel wat jy jou die aand afvra... dis al. Daarna kan jy maar rustig laat begaan, jy kan gerus wees: dit draai vanself voort. Die masjien is doodakkuraat, goed geolie, sedert die vroegste tyd ... Die tragedie is skoon, dis rustig, dis seker ... In die drama, met sy verraaiers, sy wrede skurke, sy gefolterde onskuldiges, sy wrekers van onskuld, sy bloedhonde, sy vlagies hoop, is dit aaklig om te sterf, soos in 'n ongeluk. Die redding was naby, die jong held kon nog betyds met die polisie daar aangekom het. Maar in die tragedie is jy gerus. Eers en vooral, 'n mens voel tuis. Op stuk van sake is ons almal onskuldig. Wie doodmaak en wie gedood word, is van minder belang — dis slegs 'n kwessie van rolverdeling. Maar bo alles gee die tragedie jou rus, omdat jy weet dat daar geen hoop, geen smerige hoop meer is nie. Jy is vas, eindelik vas soos 'n rot in 'n val, met die gewig van die hele hemel op jou rug, en al wat jy nog kan doen, is skree. In die drama worstel mens omdat jy hoop om 'n uitweg te vind. Dis vernederend, dis vulgêr. Hier, in die tragedie veg jy belangeloos. Nes 'n koning — dis vrywillig, dis subliem. Daar's niks wat jy nog kan onderneem, niks meer nie — eindelik!"

Anouilh het dit oor twee toneelsoorte en în die tragedie kies hy vîr die tragedie. Natuurlik. Tog kry 'n mens die gevoel dat hierdie kontrastering van drama en tragedie vir hom die skotteltjie water is waarmee hy die onskuld van sy keuse probeer afwas. Anouilh het egter reg om dit te doen omdat hy toneelskrywer is. Mens kan wel sê dat hy tog maar so skryf en so kies omdat dit sy lewensbeskouing is wat hy in die mond van die koor lê. Die koor is eintlik hy self, en die woorde van die koor is presies sy eie siening van die lewe: 'n tragedie. Jy kan daar niks aan doen nie; die krisis wen homself af en alles loop onvermydelik op die tragiese einde af.

Anouilh het dit nie gesê nie, maar daar is wel mense wat dit sê: geen hoop nie, onvermydelike ondergang. En dan is daar weer mense wat sê: Nee, kyk, vir my liewer die drama, die worsteling

om tog nie 'skoon' en sonder hoop om 'n uitweg te vind, onder te gaan nie. Jy moet gedurig bly probeer, nou hierdie kant, dan daardie kant toe, om ten minste te poog om daaruit te kom.

Miskien is dit 'n tipering van twee soorte lewenshoudings, twee soorte mense: die tragedie-mense en die drama-mense. Die een sê: daar is tog niks aan te doen nie, dit loop tog sy loop. Die ander wil hê dat almal met gebalde vuiste moet instorm en wild en wakker skree om te probeer red wat nog te redde is.

In sekere sin het 'n mens dan steeds te make met mense wat die lewe sien as 'n toneelstuk. Die lewe is iets wat voor jou oë afspeel en waarby jy, meer of minder betrokke, toesien hoe dit afloop, toekyk, maar nie self wil meespeel nie. En dit, sonder om te besef hoe geweldig hard húlle wel meespeel.

Die stemming wat egter die treffendste is by sowel die drama- as die tragedie-mense, is die ondergangstemming. Dit kan 'n stemming word wat die hele lewenshouding en lewensuiting deurdrenk, en wat jou veral in 'n krisis aan die verkeerde kant van die wendingspunt laat beland. Mense wat die lewe sien as 'n toneelstuk wat voor die oë afspeel, vergeet twee belangrike peilers van die lewenshouding: hulle vergeet God en hulle vergeet hulle verantwoordelikheid. Verantwoordelikheid beteken in Calvinistiese taal *roeping,* dit wat vir die Christengelowige „soos krygsmusiek in die ore klink" (Totius).

Op akademiese wyse is *roeping* as onderdeel van die Etiek in 'n diktaat so gedefinieer: „Onder roeping word verstaan die persoonlike verantwoordelikheid van die Christen voor God, om kragtens die moontlikhede wat God (hom) gee, uitvoering te gee aan die algemene en besondere opdragte van die Here op alle lewensterreine".

Roeping is dus die opdrag van élke Christen, in élke situasie, kragtens die moontlikhede wat God gee. Wie nie hieraan ge-

dagtig is, ook in sy beskouing van en in sy werk aan die Universiteit en alles wat met en in die Universiteit gebeur nie, het die een peiler van sy lewenshouding losgelaat. Dit sal 'n brandmerk op hom laat.

Die ander peiler is: God. Mense kan soms so ywerig besig wees, ook om die Universiteit te probeer red, dat hulle nie kan insien dat God besig is om, ten spyte van hulle, op 'n ander manier te red nie. Hulle kan soms so hard besig wees met God se werke dat daar vir God self nie meer plek oorbly nie. En dan kan mense weer so onbetrokke wees by wat gebeur dat hulle God verhistoriseer, Hom in die kas van die geskiedenis opsluit en sê: „Daar! Dit het nie met my te make nie". Dat God 'n persoonlike God is en tegelyk God van die geskiedenis, kan nie van mekaar losgemaak word nie. 'n Mens se persoonlike geloof is so vasgeketting aan sy persoonlike roeping in die geskiedenis, ook die geskiedenis van die Universiteit, dat hy hom nie op die een kan beroep as hy die ander nie ook in 'n stewige greep vas het nie.

Tussen die twee – die persoonlike geloof dat God werk, en die persoonlike roeping dat jy sélf moet werk – aanmekaar vasgeketting met 'n onverbreeklike band, is die onmisbare skakel waarsonder die twee nooit bymekaar bly nie: die gebed. Iemand wat heel onlangs in 'n hoë pos benoem is, het nog kort gelede gesê: „Ek glo nie dat dit selfs móóntlik is om te veel te bid nie". 'n Universiteit wat sy universiteitsgang „in U lig" wil gaan, sal hieraan moet vashou.

## Die Skrifberoep

„In U lig" – so sê almal van links en regs wat hulle bekommer om die Universiteit. Elke keer word daar weer 'n beroep gemaak op die Skrif. Tog is die Skrifberoep nie so maklik nie. Dat daar tans deur 'n kundige teoloog 'n studie opgestel word oor die

Skrifberoep in die wetenskapsbeoefening, is verblydend. So waar as die ou gesegde: elke ketter het sy letter, so waar is dit dat mense, elkeen met 'n beroep op die Skrif, totaal by mekaar verby kan praat sonder om ooit naby mekaar te kom. Hierdie uitsprake van 'n bekende skrywer is daarom baie ter sake: „'n Beroep op die Bybel kan met 'n beroep op die Bybel ongedaan gemaak word". „'n Gemaksugtige mens het 'n ander Skrifberoep as 'n konsensieuse mens". „Dit gaan nie daarom *of* Gods Woord die uitgangspunt is vir Dogmatiek en Etiek en politiek nie, maar *hoe* dit die uitgangspunt wil wees". En verder: „Dit het weinig sin om mekaar op die Evangelie aan te spreek as ons totaal verskillend dink oor die wyse waarop die Evangelie wil werk ... Die eintlike skeidslyn loop immers tussen twee visies op die funksie van so 'n beroep".

Watter maatstaf sal dan aangelê kan word om die Skrifberoep mee te beoordeel? Die blote aanhaal van 'n teks of van woorde wat evangelies klink, beteken nie noodwendig stawing van 'n argument nie. Dit kán wel, maar deur bloot tekste aan te haal, kan ook allerlei belaglikhede „bewys" word. Enige aanhalings van 'n teks buite sy verband, doen nie reg aan wat die Skrif daarmee wil sê nie. Wat daarom nodig is, is nie teksstudie nie, maar Skrifstudie. 'n Beroep op die Bybel sal alleen geslaagd wees wanneer die bedoeling van 'n aangehaalde teks in sy verband goed bestudeer is, en dit ook duidelik uitgemaak is wat God daarmee vir ons vandag wil sê – nie net in die wetenskapsbeoefening nie, maar in alle fasette van die lewe waar ons so graag na die Bybel verwys. In verband met die prediking het Totius hierdie selfde gedagte so uitgedruk: „Nie verse of stukke van verse moet gebruik word as smal fondament om 'n huis van eie gedagtes hoog te bou nie, maar die Skrifgedagte moet uitgebring word soos dit deur die Heilige Gees aan ons oorgelewer is in boeke, hoofstukke en onderafdelings. Wel is daar enkele verse, ryk en diep gesegdes wat as lanterns gebruik kan word om die verborge skatkamers van die Skrif te deurwandel. Maar dis dan tog weer wat verlang word, naamlik Skrifprediking... Laat ons bedink dat hier 'n groot beginsel in die spel is. Dis nie maar die kwessie van

'n goeie of minder goeie manier om dit te doen nie; nee, maar die vraag is hier: Sal ons aan God gehoorsaam wees of ons eie vrye wil volg?"

'n Bepaalde Skrifberoep kán dus ten slotte ook nog 'n groot stuk subjektiewe willekeurigheid ten toon stel. Elkeen hoef nie verdink te word wanneer hy hom op die Skrif beroep nie, maar elke Skrifberoep sal dus ook noukeurig beproef moet word.

**Gevra: Rustigheid en kalmte**

Om tot 'n deeglike besinning oor al die genoemde en ander ongenoemde aspekte van die Universiteit te kom, en sommer om 'n bietjie meer deeglikheid en afgerondheid te kan bereik, het ons 'n bestel nodig waar daar 'n ietsie meer rustigheid heers. Mense sê dat dit in diè suide van ons land beter daaraan toegaan as in die noorde. Dit mag so wees. Dit lyk egter of dit moontlik is om wat Totius indertyd van die student gesê het, vandag op die dosent toe te pas. By die eerste oordrag van die rektoraat van die Teologiese Skool sê hy onder meer: „Eerstens, om te kan opmerk het mens 'n standpunt nodig vanwaar hy kan opmerk, en om te kan verwerk is *rus* en *kalmte* nodig... Inderdaad is hier treingevaar, gevaar om getrap te word. 'n Gevaar wat juis uit ons jaery voortspruit. Die beste voorstelling tog van 'n student (lees: dosent?) in ons dae is 'n man op 'n motorfiets... Opmerk kan hy nie, want daar is (net soos by die motorfietsryer) 'n kolossale bril voor sy oë, 'n bril nie om mee te kyk nie, want sy oë is goed — maar om die oë te beskerm teen die wind wat hy self maak, en die stof wat hy self opjaag. Van verwerk is daar ook geen sprake nie. Hy is "te haastig". Hy kom met yslike drukte en gee luid te kenne dat die wêreld sal vergaan as hy nie sito-sito wie weet waar aanland nie... Daarom roep ek eers "stop", kom tot besinning! bedaar! om die gevaar van getrap te word te ontduik: om te kan opmerk en verwerk. Die neurastenie sit ook al in die oog en in die harsings. Dit kos wilskrag, bewuste inspanning om te kan sê: ek trap nou vas, ek laat my nie langer rondslinger nie,

ek wil eers nugter word alvorens ek 'n stap vorentoe doen... (Hy) gaan sit tog beslis nie saam met Jonadab by Jehu op die wa nie, want Jehu ry onsinnig. Hy moet probeer om die kalmte van 'n nugtere selfbesinning terug te vind".

Miskien het nie alles hiervan regtig betrekking op die dosent van vandag nie. Tog sal rustige en kalme besinning, in 'n gees van deurwaaid-wees met die Gees van God, in plaas van met die Muse van die 'toneel', ons 'n hele ent verder bring, en bevorderlik wees vir die Koninkryk van God in wetenskap en Universiteit.

E.J.S.